# HOOFSTUK 8

# SPORT EN SPORTFASILITEITE

Die algemene sosio-ekonomiese lewensomstandighede op die Krugersdorpse delwerye het min geleentheid gebied vir die beoefening van sport in die konteks waarin dit vandag uiting vind. Sport is eerder as 'n spel gesien waarin die deelnemers probeer het om mekaar uit te oorlê deur middel van spoed, vaardigheid of brute krag. Spontane deelname aan die jag, swem, stoei, skyngevegte en dans het die behoefte aan ontspanning verder bevredig.

Die spontane beoefening van sport het as gevolg van verstedeliking afgeneem en die behoefte aan georganiseerde sport geleidelik laat toeneem. In die beoefening van georganiseerde sport het die Engelssprekende "uitlander-bevolking" voorkeur gegee aan die beoefening van "uitheemse" sportsoorte soos krieket, tennis, fietsry, sokker en rugby. Perdry en perdewedrenne was by beide die Afrikaner- en die Engelssprekende gemeenskap gewild. Geldweddenskappe was algemeen betrokke by perdewedrenne.

Die Afrikaner het nie 'n noemenswaardige rol in Krugersdorp gespeel in die ontwikkeling van sport nie. Georganiseerde sport was hoofsaaklik in die hande van die Engelssprekende gemeenskap. Alhoewel Afrikaners onder die dorp se eerste "Springbokke" tel, is dit eers na die Tweede Wêreldoorlog dat Afrikaanse vanne meer gereeld op die bestuur van sportklubs verskyn.

Met die uitsondering van die myne, wat sportfasiliteite aan Swartmyners in die kamponge voorsien het, is weinig aandag gegee aan die voorsiening, of ontwikkeling, van sport, of sportfasiliteite, aan die Nie-Blanke gemeenskap. Volgens Naude het 98% van die Swartgemeenskap in 1968/69 nog apaties teenoor sport gestaan, omdat hulle nie belang gestel het nie. In sy opname het slegs 10% van die Swartgemeenskap sokker gespeel, 2.35% tennis en 1.02% netbal, terwyl 86% aan geen sport deelgeneem het nie. Die Swartmense se onbetrokkenheid by sport was vir Naude kommerwekkend omdat 'n onaktiewe gemeenskap 'n statiese gemeenskap is wat slegs in maatskaplike wanpraktyke groei. Hierdie toestand is vererger omdat 93.28% van die Swartgemeenskap niks gedoen het om sy vryetyd nuttig te spandeer

nie.[1] Die voorsiening van sportfasiliteite aan die Nie-Blanke gemeenskappe in Krugersdorp word bespreek.

Die sport- en rekreasieprofiel van hedendaagse Krugersdorp[2] toon dat inwoners meer huisgebonde-aktiwiteite beoefen vir ontspanning. Betrokkenheid by buitenshuise sport is beperk. Die hoërinkomste groepe gee voorkeur aan spansport en sportaktiwiteite waaraan die gesin kan deelneem. Gesinsdeelname aan groepsaktiwiteite in die natuur is ook belangrik. Die laerinkomste groepe is meer individualisties in hulle optrede en meer gemeenskapsgesentreerd.

Die hoërinkomste groepe is nie groot sportbeoefenaars nie. Hulle betrokkenheid by sport in die algemeen is laag, alhoewel hulle 'n belangstelling toon in sportsoorte waarby motors en motorfietse betrokke is. Die laerinkomste groepe is ook nie groot sportentoesiaste nie, omdat hulle meestal in 'n oorlewingsstryd gewikkel is en dikwels nie deelname aan sport kan bekostig nie.

Die Blanke het histories die behoefte aan 'n sportsoort en sportvelde bepaal. Die Wanderers Sportgronde en Bob van Reenen Stadion vorm hierin 'n middelpunt. Die ontwikkeling van sportsentrums word bespreek, met oorsigtelike verwysing na die verskillende sportsoorte soos perde- en hondewedrenne, gholf en motorwedrenne.

## 8.1. SPORTAKTIWITEITE EN -FASILITEITE

Georganiseerde sport in Krugersdorp het sy ontstaan aan die vestiging en ontwikkeling (1902) van die Wanderers Sportgronde as 'n integrale deel van "Die Park".[3] Die Krugersdorp Cricket Club het in 1903 kennis geneem van die parkontwikkeling en vertoë tot die pasgestigde munisipale raad gerig om sportgronde, soortgelyk as die Johannesburg Wanderers, in Krugersdorp te ontwikkel.[4]

---

1 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Verslag oor die Sosio-ekonomiese omstandighede van die Bantoebevolking van Krugersdorp, 1968/69*, p.104.

2 Krugersdorp Chamber of Commerce and Industries (KCCI), Krugersdorp, C.B. Schoeman, *Diversifying the economic base of Western Gauteng. Short and medium term strategy*, p.8.

3 "Die Park" het later bekend gestaan as Kroningspark. Vir meer besonderhede oor die park, raadpleeg die bespreking oor die "infrastruktuurskepping en munisipale dienste".

4 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W1, *Wanderers Sports Grounds*, sd.

Die Wanderers Sportgronde (foto no.72) is deur Garland en Cundy ontwikkel om voorsiening te maak vir sportsoorte soos tennis, hokkie, sokker, fietsry en krieket. Die pawiljoen het sitplek aan 500 toeskouers gebied. Die opening van die Wanderers op 28 September 1907 is deur 3000 persone bygewoon. Vriendskaplike wedstryde teen spanne van die Rand het vanselfsprekend deel van die program uitgemaak, maar dit was die promenade-konsert wat as hoogtepunt uitgestaan het. Hiermee is die grondslag gelê vir Krugersdorp se toekomstige rol in Suid-Afrika as sportsentrum.[5]

Die bestuur van die sportgronde was in die hande van die Wanderers Sport Club. Die Munisipale Raad het jaarliks 'n bedrag bygedra tot die instandhouding van die fasiliteite. Sportsoorte soos sokker, krieket en hokkie het beurtelings van die fasiliteite gebruik gemaak. Die Klub het die oefen- en wedstrydtye van die sportsoorte gereël, wat op hulle beurt weer klubgelde moes betaal vir die gebruik van die fasisliteite. Die vier tennisbane was ook onder die beheer van die Klub.[6]

Die bestuur van die Wanderers Sportklub was in die hande van 'n sportkomitee bestaande uit sewe verkose lede en sewe verteenwoordigers van die verskillende sportsoorte wat by die Wanderers geaffilieer het. Sportbyeenkomste is aanvanklik goed bygewoon, maar die opening van twee skaatsbane op die dorp het die besoekersgetalle skerp laat daal. Aan die einde van 1909 het die klub die munisipaliteit £618 (seshonderd-en-agtien pond) geskuld vir agterstallige huurgeld,[7] en die Klub kon nie meer die gronde in stand hou nie. Op hulle versoek het die Munisipale Raad die huurkontrak gekanselleer, maar voortgegaan om die fasiliteite aan die verskillende sportsoorte te verhuur. Die krieketklub het byvoorbeeld in die somermaande

5 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1908*, p.15. Kyk ook inligtingsleêr W1, *Wanderers Sports Grounds*, sd.

6 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W1, *Wanderers Sports Grounds*, sd.

7 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1909*, p.11.

die sportveld gebruik, en die sokkerklub in die wintermaande. Die voltooiing van 'n tweede sportveld, hoërliggend as die bestaande veld in 1911, het in die behoefte vir 'n rugbyveld voldoen. Die rugbyveld is aan die Krugersdorp Pirates Rugby Football Club verhuur. Die Krugersdorp Pirates Rugby Football Club het reeds voor die Suid-Afrikaanse Oorlog belangstelling in die spel ontlok (foto no.73). Die spel en klub het na die oorlog verder ontwikkel. Die Wanderers het die eerste amptelike rugbyveld aan die klub voorsien. Die rugbyveld het later bekend gestaan as die Jan Lotz-rugbyveld, ter ere van Krugersdorp se grootste rugbyspringbok en latere Stadsraadslid.[8]

In 1911 het die Krugersdorp Wanderers Tennis Club die Stadsraad versoek om die tennisbane op te gradeer en die baanblaaie met "geelgrond" op te bou. Volgens die klub het dit 'n beter speeloppervlak voorsien as die miershoop-afwerking. Die gelykmaak van die grond het die bane ook vir die speel van croquet geskik gemaak.[9]

Sedert 1911 tot 1931 is die Wanderers Sportgronde deur die munisipaliteit bestuur en geadministrateer. Die parkeafdeling was verantwoordelik vir die instandhouding van die sportvelde en -fasiliteite. Verskeie bykomende sportfasiliteite is gedurende hierdie periode ontwikkel om in die aanvraag van die gemeenskap te voorsien.

Die eerste projek was om die dak van die klubhuis te verhoog sodat die gimnastiekklub, wat in 1911 met die Wanderers geaffilieer het, dit as binnenshuise fasiliteit kon gebruik. In dieselfde jaar het die West Rand District Football Association gevra dat 'n tweede sokkerveld vir die volgende seisoen beskikbaar gestel moes word.[10]

Die ontwikkeling van 'n swembad op die noord-oostelike hoek van die Wanderers-sportgronde is in 1914 deur die WerkeKomitee ondersoek. Die

8 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1911*, p.28; *Mayor's Minute for the year ending 30 October 1913*, p.15. Kyk ook Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), MKR, band 2/3/1/36, korrespondensieleêr 2524/11 vir inligting oor die "Pirates Rugbyklub".

9 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, MKR, band 2/3/1/36, korrespondensieleêr 2524/11, Brief Tennisklub-Stadsraad, 5 Jun. 1911.

10 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/36, korrrespondensieleêr 2524/11, Brief West Rand District Football Association-Stadsklerk Krugersdorp, 14 Jun. 1911.

beplanning van die swembad het saamgeval met die ontwikkeling van 'n meerskema, maar toe laasgenoemde deur die mat val, het die swembad ook in die slag gebly. Die swembadkompleks het eers in 1932 'n werklikheid geword.[11] Die Stadsraad van Krugersdorp kon ingevolge die swembadverordeninge nie aanspreeklik gehou word vir enige beserings of verdrinkings wat by die swembad voorkom nie. Die verordeninge bepaal verder dat die swembad slegs vir Blankes wat 'n bepaalde toegangsfooi betaal het, toeganklik sou wees. Toegangsfooie het in 1957 gewissel van een pennie per kind onder die ouderdom vyf jaar tot ses pennies per volwassene per dag. Die Stadsraad het ook die reg behou om die swembad te eniger tyd vir 'n bepaalde geslag "af te sonder" wanneer dié besondere geslag sonbaddens neem. Geen persoon van die teenoorgestelde geslag bo die ouderdom sewe jaar is dan binne die swembad en -terrein toegelaat nie. Verder is bepaal dat baaiklere aan die standaarde van ordentlikheid en betaamlikheid moet voldoen. Persone wat hulle skuldig gemaak het aan oortreding van die swembadverordeninge is die gebruik van die swembad geweier en/of beboet.[12]

Die Krugersdorp Rolbalklub is op 7 Januarie 1917 gestig. Die Stadsraad het reeds in 1913 £250 (tweehonderd-en-vyftig pond) bewillig vir die ontwikkeling van rolbalbane.[13] Die kurator van die Park was verantwoordelik vir die instandhouding van die bane. Die rolbalklub het huur aan die Raad vir die gebruik van die bane betaal.[14]

Die Stadsraad het ook met die Transvaal Rugby Football Union onderhandel om meer eersterangse wedstryde in Krugersdorp aan te bied, wat die toeskouerstatistiek aansienlik laat styg het. In 1917 is die Rugbyklub

---

11 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/4/1/8, Verskillende notules van die Werke en -dorpskomitee, 1914. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1916*, p.24, en inligtinsleêr C13, *Coronation Park*, sd. vir besonderhede oor die meerskema en swembadkompleks.

12 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/233, korrespondensieleêr S2, *Swembadverordeninge*, 11 Des. 1957.

13 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, p.13. Kyk ook inligtingsleêr W1, *Wanderers Sports Grounds*, sd.

14 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1917*, p.14.

vrygestel van die betaal van huurgelde omdat al hulle hekgelde tot die nasionale oorlogsfonds bygedra word.[15]

Die Eerste Wêreldoorlog het 'n direkte invloed gehad op die effektiewe funksionering van verskeie sportsoorte. Die Tennisklub kon byvoorbeeld in 1915 nie sy huur betaal nie omdat meer as die helfte van sy lede vir aktiewe oorlogsdiens opgeroep is. Die Stadsraad het die huurgeld van die klub van £40 (veertig pond) na £20 (twintig pond) per jaar verminder. Die Rugbyklub kon ook nie liga-wedstryde aanbied nie omdat hulle te min spelers gehad het.[16]

Die nuwe Krugersdorp High School was die eerste skool wat amptelik van die Wanderers gebruik gemaak het. Die krieketvelde is op Woensdae en Saterdae tot die beskikking van die skool gestel, op voorwaarde dat hulle hul eie uitrusting sou voorsien.[17]

Sokkerwedstryde is gereeld op Sondae op die Wanderers aangebied. Geen toegang is gevorder vir die Sondagwedstryde nie. Die besluit is in 1913 herroep, omdat die sokkerklubs nie langer die verlies aan toegangsgelde op Sondae kon dra nie. Die sokkerklubs moes huur betaal vir die gebruik van die Wanderers op Sondae.[18]

Die West Rand Whippet Club (foto no.74) is in 1913 gestig. Renbane was aan die oostekant van die Park, tussen die park en Hoofrifweg, op die dorpsgronde, aangelê. Die Whippetklub het geen huurgeld vir die grond betaal nie.[19] Volgens Griffin was daar ses bane wat van mekaar afgeskort was met ogiesdraad. Wedrenne het op Sondagoggende plaasgevind. Weddenskappe was hoog.[20] Die wedrenklub moes op 'n stadium doodgeloop

15 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 30 October1913*, p.13; *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1917*, p.14.

16 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 11 November 1915*, p.11.

17 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, p.13.

18 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913*, pp.12,13.

19 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913*, p.13.

20 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr K37, *W.B. Griffin* (ongep outobiografie), sd.

het, want in 1939 het vertoë van die verskillende kerke die vestiging van 'n hondewedrenbaan in Krugersdorp verhoed.[21]

Die stigting van die Krugersdorp- en Distrik Atletiekklub in 1930 het gelei tot die ontwikkeling van 'n atletiekbaan by die Wanderers Sportgronde. Sedertdien word atletiekbyeenkomste gereeld op die Wanderers aangebied. Die ligging van Krugersdorp bo seevlak maak die Wanderers besonder geskik vir atletiekbyeenkomste en prestasies van wêreldgehalte. Dit was in Krugersdorp dat Paul Nash in 1963 'n wêreldrekord oor 100 meter opgestel het.[22]

Verskeie sportklubs het onder die leiding van die atletiekklub, rugbyklub en Krugersdorp High Old Students Association in 1931 vergader en die Krugersdorp Wanderers Grounds Committee gestig. Die doel van die nuwe Komitee was om die gebruik van die verskillende sportvelde in Krugersdorp te koördineer. Behalwe die Wanderers Sportgronde het dit die gebruik van die tennisbane in Wes-Krugersdorp en Lewisham ook ingesluit. Die Wanderers Grounds Committee het 1932 nie-amptelik opgetree, totdat dit in Oktober deur die Stadsraad erken is. Die Stadsraad het £15 (vyftien pond) bygedra tot die uitgawes van die Komitee en die munisipale verordeninge aangepas sodat die Komitee volle beheer gekry het oor die bestuur, toegang en gebruik van al die sportfasiliteite in Krugersdorp, soortgelyk aan die mandaat wat in die beginjare aan die Wanderers Sport Club toegeken was. Die Stadsraad was nog deur middel van die parke-afdeling betrokke by die instandhouding van die sportvelde.[23]

Die Wanderers Grounds Committee het hulleself in 'n Uitvoerende- en Algemene Sakekomitee georganiseer. Vier Stadsraadslede het op die Komitee gedien, waarvan een ook 'n lid van die Uitvoerende Komitee moes

---

21 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/64, korrespondensieleêr D2, Verskeie korrespondensie oor Whippet Club, 1913. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr N11, N.G. *Gemeente Luipaardsvlei*, sd.; inligtingsleêr N12, *N.G. Gemeente Feesalbum*. Verwys ook na hoofstuk nege oor Godsdiens en Kerklike lewe vir besonderhede oor beswaar van kerke teen sport op Sondae.

22 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W2, *Wanderers Grounds Committee*, 1939-1956.

23 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/4/170, verskillende korrespondensieleêrs. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W1, *Wanderers Sports Grounds*, sd., en inligtingsleêr W2, *Wanderers Grounds Committee*,1939-1956.

wees. Die jaarlikse finansiële bydrae van die Stadsraad in die vorm van 'n subsidie het met verloop van jare gegroei, van die eerste £15 (vyftien pond) in 1932 na £50 (vyftig pond) in 1933, £800 (agthonderd pond) in 1938 en £1000 (eenduisend pond) in 1949. Die werksaamhede van die Komitee het geleidelik toegeneem en in 1936 stel die Komitee 'n voltydse sportbestuurder, Mnr. Jurg Creig, aan. Met die oog hierop het die Stadsraad hul jaarlikse subsidie na £300 (driehonderd pond) per jaar verhoog.[24]

Die Wanderers Grounds Committee het in 1946 die Stadsraad versoek om 'n assistant-sportbestuurder aan te stel om met die toesig oor die instandhouding van die sportveld behulpsaam te wees. Die assistant-sportbestuurder kon 'n munisipale amptenaar wees, of deur die Komitee in diens geneem word, maar dan moes die Stadsraad sy subsidie na £1100 (eenduisend eenhonderd pond) verhoog, sodat 'n salaris van £300 (driehonderd pond) aan die amptenaar betaal kon word. Die Raadsbesluit was ten gunste van laasgenoemde voorstel.[25]

Die Wanderers Grounds Committee het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van sport en sportfasilliteite in Krugersdorp. In die jare van sy bestaan is sportgronde in Wes-Krugersdorp, Lewisham en Pretoriuspark ontwikkel. In sy 1942-jaarverslag[26] het die voorsitter van die Komitee, H.P. van Hees, verklaar dat die Stadsraad en die gemeenskap die Wanderers Grounds Committee as 'n bate vir die dorp sien en het die bydrae wat die Komitee gelewer het in die liggaamlike opvoeding en gesondheid van die gemeenskap erken.

Haas elke vertakking van georganiseerde sport in Krugersdorp was met die Wanderers Grounds Committee geaffilieer. In 1949 het die Komitee beheer uitgeoefen oor 48 jukskei- en agt tennisbane by Pretoriuspark, vier tennisbane in Wes-Krugersdorp, drie tennisbane in Lewisham en ses tennisbane by die

24 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W1, *Wanderers Sports Grounds*, sd.

25 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/1/1/43, *Notule van Finansiekomitee*, 16 Sept. 1946.

26 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/11, korrespondensieleêr A22, *Jaarverslag*, 1942. Kyk ook TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/286-289, korrespondensieleêr W6, vol 1-4 vir besonderhede oor die Wanderers Grounds Committee. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W1, *Wanderers Sports Grounds*, sd. & inligtingslêer W2, *Wanderers Grounds Committee*, 1939-1956.

Wanderers Sportgronde. By die Wanderers Sportgronde is 'n fietsrybaan, atletiekbaan en twee rugbyvelde, waarop rugby, sokker, krieket, hokkie, sagtebal en bofbal gespeel word, in stand gehou. Die sportsaal het voorsiening gemaak vir gimnastiek, boks en stoei. Die saal is ook op 'n gereelde basis onderverhuur aan instansies of privaatpersone vir die hou van danse.

Die sportvelde en ander fasiliteite was reeds in 1947 maksimaal in gebruik. Altesaam 21 senior rugbywedstryde en 55 sub-unie wedstryde, plus skoolwedstryde op Woensdae, is gedurende die seisoen aangebied. Dit het die semi-finale en finale wedstryde vir die Bailey-beker, wat deur die Krugersdorp span gewen is, ingesluit. Sokker is op Saterdae en Sondae gespeel. Die Sondagwedstryde veral, het groot skares getrek. Veertien Liga en twaalf B-liga wedstryde is gespeel. Atletiek en fietsry het toenemende belangstelling geniet, veral nadat die Johannesburg Wanderers gesluit is. Die twee sportsoorte is gelyktydig op 22 byeenkomste op die Krugersdorp Wanderers aangebied. Tennis was 'n gewilde sportsoort. Sestien tennisbane was in hierdie stadium onder die beheer van die Wanderers Grounds Committee. Hokkie-oefeninge was geskeduleer vir Woensdae en wedstryde op Saterdae. Dogters van die Krugersdorp Tegniese Kollege het in 1947 vir die eerste keer van die Wanderers gebruik gemaak. Krieket op senior- en skoolvlak is gespeel op Saterdae en Sondae. Die Krugersdorp klub het goed gevaar in die interstadkompetisie, maar skade aan die baanblad as gevolg van stortreëns het die spel beperk. Sagtebal was 'n nuwe sportsoort wat hom in 1942 goed gevestig het in Krugersdorp. Wedstryde is ook goed ondersteun.

Die gimnastieksaal is deur die Krugersdorp Boys Club as 'n gimnasium gebruik. Die doel van die Boys Club was om jong seuns "van die straat te hou, weg van die versoeking om misdaad te pleeg." Die gimnasium was toegerus met moderne toerusting. Sportsoorte soos boks (foto no.64) en stoei was ingesluit by die gimnasiumprogram. Die Munisipale Werknemers Sportklub, wat vandag nog bestaan, het die gimnasium saans gebruik vir die speel van pluimbal. Die gimnasium is in 1939 vir die eerste keer in gebruik

geneem. Die amptelike opening is waargeneem deur die administrateur van Transvaal, genl. J.J. Pienaar.[27]

Die Wanderers Grounds Committee het in 1947 vertoë tot die Stadsraad gerig om die bestaande sportgeriewe op te gradeer, maar ook bykomende sportvelde te voorsien omdat die Wanderers as enigste sportkompleks oorbenut is. In reaksie hierop is die Komitee gevra om, met inagneming van die dorpsbeplanningskema, wat in die dertigerjare opgestel en goedgekeur is, te kyk na geskikte "oop ruimtes" waar sportgronde ontwikkel kan word. Die Komitee is aangeraai om meer klem te lê op voorstedelike oop ruimtes wat nader aan die woongebiede geleë is, omdat die Wanderers-terrein min geleentheid vir verdere uitbreiding gebied het.[28]

Voortvloeiend uit die ondersoek van die Wanderers Grounds Committee, het die munisipaliteit verskeie kinderspeelparke (foto no.43) in die woongebiede ontwikkel, naamlik in Appelpark en Lewisham in 1953 en Wes-Krugersdorp, Dan Pienaarville, Wentworth Park en Kenmare in 1957.[29]

In reaksie op die Wanderers Grounds Committee se versoek is die fietsrybaan, wat in 1934 gebou is, in 1951 herbou deur die stadsingenieur, L. Herch. Die banke van die nuwe baan was heelwat hoër as die ou baan, wat beter vertonings en groter spoed tot gevolg gehad het. Die fietsrybaan is ongeveer 574 meter in omtrek met twee pylvakke van 100 meter elk. Die banke is op die draaie drie meter gelig, met 'n totale wydte van agt meter. Die ou baan was slegs twee meter wyd.[30]

Die Stadsraad het terselfdertyd 'n nuwe hoofpawiljoen by die hoof sportvelde opgerig. Hierdie pawiljoen het die een wat in 1907 opgerig was, vervang. Die nuwe pawiljoen was die eerste van sy soort in Suid-Afrika. Dit bied sitplek

27 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/11, korrespondensieleêr A22, verskillende korrespondensiestukke insake gimnasium, 1939.

28 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W1, *Wanderers Sports Grounds*, sd.

29 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W1, *Wanderers Sports Grounds*, sd.

30 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingleêr W1, L. Hersch, *Some notes on sport stadiums*, 1952.

aan 2300 toeskouers. Onder die pawiljoen is ruim voorsiening gemaak vir kleedkamers, asook 'n sportsaal vir binnenshuise sport. Die nuwe hoofpawiljoen was 'n ingenieursprestasie. Die struktuur was ontwerp volgens die Britse Standaarde vir die uitsetting en inkrimping van beton en staal, wat dit ook as 'n besonder veilige struktuur gegradeer het. Die nuwe pawiljoen en fietsrybaan het wye belangstelling uitgelok by die een-en-dertigste jaarlikse konferensie vir Munisipale Ingenieurs wat in Junie 1955 gehou is.[31]

Die nuwe fietsrybaan en hoofpawiljoen is op 27 Maart 1954 deur burgemeester P.J.M. du Plessis, geopen, gevolg deur die Suid-Afrikaanse Amateur Fietsry Kampioenskappe.[32]

Die atletiekbaan voor die hoofpawiljoen is in 1980 herbou en van 'n tartanoppervlakte voorsien. Die nuwe baan is met 'n atletiekfees ingewy op 15 November 1980. Die stadion is by hierdie geleentheid ook amptelik vernoem na Bob van Reenen, 'n Transvaalse provinsiale atletiekadministrateur van Krugersdorp. Die Bob van Reenen-Stadion is in 1991 verder opgegradeer om aan internasionale standaarde vir atletiek, fietsry, gimnastiek, rugby en krieket te voldoen. Die stadion is ook van spreiligte voorsien. Die geriewe vir sportmanne en administrateurs is ook verbeter.[33]

Verskeie nasionale en internasionale kompetisies is sedert die ontstaan van die Wanderers Sportgronde in Krugersdorp aangebied. Die SA Amateur-atletiekkampioenskappe is vir die eerste keer in Krugersdorp in 1939 aangebied (foto no.75). Die kampioenskappe is met 'n dans in die stadsaal afgesluit. Verskeie ander atletiekkompetisies het gevolg, waarvan die een in 1963, toe Paul Nash die 100 meter naelloop in 'n wêreldrekordtyd van 10.0 sekondes afgehardloop het, as die uitstaande byeenkoms beskou word.[34]

---

31 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W1, L. Hersch, *Some notes on sports stadiums*, 1952. Kyk ook inligingsleêr S13, *Sport and recreation*, sd.

32 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/289, korrespondensieleêr W6, Korrespondensie en program, 27 Mrt. 1954. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S13, *Sport and recreation*, sd.

33 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Beeld*, 21 Okt. 1994, p.10.

34 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W1, *Wanderers Sports Grounds*, sd.

'n Britse rolbalspan het Krugersdorp in 1950 besoek. Die span is deur die Stadsraad op 'n skemerkelk in die banketsaal, onthaal.[35] 'n Damesrolbalspan van Australië het in 1954 besoek gebring. Die Stadsraad het weer sy deel bygedra deur die spelers op 'n noenmaal in die banketsaal te onthaal.[36]

Jack Davis, die wêreldrekordhouer van die 120 tree (100 meter) hekkies, het Krugersdorp op 23 Februarie 1957 besoek as gas van die Wanderers Atletiekklub. Vir hierdie geleentheid het die Stadsraad £25 (vyf-en-twintig pond) bygedra vir die skemerkelk onthaal ter ere van Davis.[37]

Krugersdorp het 'n trotse sporttradisie. Op die ere-rol in die sportsaal by die Bob van Reenen-Stadion verskyn die name van sportmanne en -vroue wat in feitlik elke sportsoort presteer het en hulle klubs en Krugersdorp, op provinsiale of nasionale vlak verteenwoordig het. Slegs enkele van die presteerders word vermeld.[38] Op sokkergebied het C.C. Callanan in 1935 nasionale kleure verwerf, Ken Viljoen in krieket vir die periode 1931 tot 1947, Hennie Laubscher in boks (1959), Dora Killian in tennis (1953), Leslie Barnes in atletiek (1940-1953), Jan Lotz in rugby (1937-1949), A.S. du Plessis in atletiek (1938) en Pinky Danilowitz in rolbal (1957).

Die stigting van die Burgershoop Rugbyklub het tot die ontwikkeling van die Johanna Botha Park en sportgronde vir Wes-Krugersdorp gelei. Die Kadimah Country Club is in 1951 ontwikkel noord-oos van die Distriksdorp op die eertydse "uitspanning". Die Kadimah Klub voorsien hoofsaaklik in die behoeftes van die Joodse gemeenskap. Voorsiening word gemaak vir ses tennisbane, twee rolbalbane, 'n swembad en muurbalbaan en 'n speelpark vir kinders. Die klubhuis bied ruim geleentheid vir sosiale verkeer en die beoefening van binnenshuise sport.[39]

---

35 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Notule Raadsbesluit: Item 25*, 24 Nov. 1949. Kyk ook inligtingsleêr V5, *Visit of British Bowling team*, 1950.

36 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr V4, *Program van besoek, Britse rolbalspan*, 1950.

37 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S13, *Sport and recreation*, sd.

38 Vir volledige lys, raadpleeg die ere-rol in die Bob van Reenen-Stadion. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W1, *Wanderers Sports Grounds*, sd.en inligtingslêer W2, *Wanderers Grounds Committee*, 1939-1956.

39 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/63, korrespondensieleêr C25, Brief Rugbyklub-Stadsraad, 11 Apr. 1931. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W2, *Wanderers Grounds Committee*, 1939-1956.

Die eerste tennisbaan in Lewisham is in 1919 met die steun van die Stadsraad deur die Tennisklub opgerig. 'n Tweede baan is in 1924 opgerig, waarvoor die Stadsraad £80 (tagtig pond) aan die Klub geleen het te spyte daarvan dat £10 (tien pond) nog uitstaande was op die lening van 1919. Die oorspronklike klub het iewers in die twintigerjare doodgeloop, want in 1931 het die nuwe bestuur kwytskelding van die Raad gevra vir die uitstaande skuld. Die Raad het ingewillig om die uitstaande bedrag (£10) (tien pond) af te skryf.[40]

'n Sokkerveld is in 1931 naby die tennisbane vir die Lewisham Soccer Club ontwikkel. Geen voorsiening is gemaak vir sitplekke vir die toeskouers nie. Die gevolg was dat die sokkertoeskouers op 'n gereelde basis die "parkbanke" by die tennisbane na die sokkerveld gedra het. Hiermee was die tennisklub nie gediend nie, want hulle was verantwoordelik vir die instandhoudingskoste van die banke. Daarby het die tennistoeskouers weer nie sitplek gehad as die banke by die sokkerveld gestaan het nie. In die oplossing van die probleem het die Stadsraad planke en kreosootpale aan die sokkerklub voorsien vir die oprigting van sitplekke rondom die sokkerveld.[41]

Skyfskiet was reeds voor die Suid-Afrikaanse Oorlog 'n gewilde sport. Die burgers het gereeld "wapenskoue" gehou waartydens hulle skietkuns ten toon gestel is. Die "wapenskoue" was meestal deur die veldkornet gereël as krygsoefening en 'n geleentheid om die paraatheid van die burgers en hulle wapentuig te beoordeel. 'n Skietbaan is na die oorlog naby die Champ D'or Myn ontwikkel. Hierdie baan is veral benut deur die Boy Scouts en die latere skoolkadette, asook deur die Krugersdorp Kommando. Die baan was dus hoofsaaklik vir weermagdoeleindes gebruik en nie soseer vir die beoefening van sport nie. Die Stadsraad het in 1921 die huur van die grond laat verval as gevolg van die heersende ekonomiese toestand.

In 1946 was daar weer behoefte aan 'n skietbaan. Die Stadsraad het met die Departement van Verdediging en die S.A. Polisie onderhandel om 'n baan

40 TAB, Pretoria, TBP, band 2366, verw. TA29/8336, *Verslag van die Algemene Komitee*, 26 Jan. 1931.

41 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/140, korrespondensieleêr C43, Verskeie briewe tussen tennisklub, sokkerklub en die Stadsraad, 1919-1931.

aan te lê naby die mynhope aan die doodloopend van Luipaardstraat. In dieselfde jaar is goedkeuring ook verleen vir die oprigting van 'n mini-skietbaan by die Hoërskool Monument. Laasgenoemde baan was hoofsaaklik vir die gebruik van die skoolkadette ontwikkel.[42]

Perdewedrenne is 'n tweede sportsoort wat reeds voor die Suid-Afrikaanse Oorlog inslag in Krugersdorp gevind het (foto no.76). Alhoewel die burgers ook aan die perderesies deelgeneem het, was dit hoofsaaklik die delwers en mynbestuurders wat ernstig aan die weddenskappe deelgeneem het. Baie van die mynbestuurders en sakemanne het hulle eie perde gehad wat hulle vir wedrenne aangehou het. Die wedrenbaan was aan die oostekant van die dorp, tussen die rant en Hoofrifweg.

Perderesies het in later jare na Johannesburg verskuif, maar die Krugersdorpers het ywerige wedders gebly. Die idee om 'n beroepsweddery in Krugersdorp te vestig het in 1921 ontstaan. Nieteenstaande die feit dat die besigheidskamer ernstig hierteen beswaar aangeteken het, het Thomas Miller in 1922 aansoek vir 'n lisensie as beroepswedder gedoen, omdat die onwettige weddenskappe 'n groot verlies aan inkomste vir die staat sou beteken het. Sy aansoek is afgekeur omdat dit na die oordeel van die OndersoekKomitee na Perdewedrenne, die Johannesburgse beroepswedders nadelig sou beïnvloed.[43]

'n Tweede aansoek van W.G. Delport in 1929 was ook onsuksesvol. Hierdie keer omdat die wetgewing nie vir meer beroepswedders voorsiening gemaak het nie.[44]

Ander aansoeke is in die daaropvolgende jare vir dieselfde redes afgekeur tot in 1944 toe die aansoek van John Parrack, Redmond McGuire en Edward Hayward suksesvol was. Hulle het hul aansoek vir 'n beroepsweddery in Krugersdorp in die lig van gewysigde wetgewing gemotiveer. Die Stadsraad

---

42 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/1, korrespondensieleêr A2, Versoek Witwatersrandse Skoolraad, 13 Aug. 1946.

43 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr K37, *Krugersdorp history*, sd.

44 Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria, JUS, band 385, verw. 3/478/24, *Licencing of bookmakers and taxation draft ordinance, 1925.* Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr K37, *Krugersdorp history*, sd.

het die vestiging van 'n beroepsweddery in 1944 goedgekeur, alhoewel probleme met telefoonlyne na Johannesburg die opening van die beroepsweddery vertraag het tot 1945. Die Stadsraad het spesiale verordeninge met betrekking tot die beroepsweddery afgekondig.[45]

Die ontstaansdatum van die Krugerdorp Gholfklub is onseker. Die burgemeestersverslag van 1913 dateer die bestaan van die klub op "more than thirteen years ago". Die ligging van die oorspronklike gholfbaan is ewe in die duister. In dieselfde verslag word dit as "oos van die park" (foto no.77) aangedui. Volgens die notule van die Raad-in-Komitee van 24 Junie 1913 moes die klub teen hierdie tyd reeds drie keer van lokaliteit verander. Geen rede word vir die veranderinge gegee nie. Elke verandering het met groot koste vir die klub gepaard gegaan. Dit was dan ook as rede aangevoer vir die klub se aansoek om 'n lening van £250 (tweehonderd en vyftig pond) vir verbeteringe aan die fasiliteite en vir die oprigting van 'n klubhuis.[46]

Reeds in 1909 het die stadsingenieur die moontlike uitbreiding van die gholfbaan van 'n nege-putjie na 'n agtien-putjie ondersoek. Sy aanduiding van die ligging van die gholfbaan is ewe vaag. Hy verwys na die gebied langs die monument vir die nuwe uitbreiding, wat aansluiting sou vind by die bestaande nege putjies.[47] Volgens die burgemeestersverslag van 1912 word die afleiding gemaak dat die aangrensende gebied gedeeltelik op myngrond geval het en dat die inwoners slegs die reg gehad het om op dié gedeelte wat aan die munisipaliteit behoort het, te speel. Die aangrensende gedeelte is klaarblyklik toe aan die Whippet Club verhuur.[48]

As alternatief het die gholfklub gekyk na die terrein tussen die polisiestasie en gevangenis, aangrensend aan Burgershoop, as 'n moontlike terrein vir die

45 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr K37, *Krugersdorp history*, sd..

46 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/6, korrespondensieleêr A15, *Kaart*, 3 Jun. 1911. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913*, pp.12,13.

47 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/6, korrespondensieleêr A15, Verslag Stadsingenieur-Algemene Sakekomitee, 3 Jun. 1911.

48 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.11.

uitlê van 'n agttien-putjie gholfbaan. Die Stadsraad het dit egter afgekeur omdat daar bo-oor Kommissarisstraat gespeel moes word. Dit het 'n gevaar vir spelers sowel as padgebruikers ingehou. Desnieteenstaande berig die burgemeester in sy verslag van 1914 dat die gholfklub 'n negeputjie baan wes van die polisiestasie aangelê het. Hieroor het daar 'n dispuut tussen die Raad en die Klub ontstaan oor die aanwending van die £250 (tweehonderd-en-vyftig pond) op die nuwe baan, terwyl dit vir die ou baan se opgradering aangevra is. Die geskil is bygelê, want in 1915 het die Raad hom gewillig verklaar om die Klub finansieel te steun in die ontwikkeling van 'n verdere nege-putjies. Die Klub het egter besluit om laasgenoemde te laat vaar in die lig van die dispuut rondom die bestaande lening.[49]

Met die oog op die ontwikkel van 'n gholfbaan met agttien-putjies, het die Stadsraad in 1932 die verskuiwing van die gholfbaan na 'n gedeelte van die dorpsgronde, noord-oos van die Distriksdorp, en wes van die pad na Muldersdrift goedgekeur. As gevolg hiervan het die Stadsraad by die Administrateur van Transvaal aansoek gedoen om die uitspanning te verskuif na 'n terrein oos van die pad na Muldersdrift. Die ooreenkoms met die Gholfklub het voorsiening daarvoor gemaak dat die klub boorgate kon sink vir die natlei van die nuwe gholfbaan. Die Stadsraad het 'n lening van £1000 (eenduisend pond) aan die gholfklub toegestaan vir die ontwikkeling van die nuwe gholfbaan. Die Krugersdorp Gholfklub gebruik vandag nog die baan wat in 1932 aangelê is.[50]

Die eerste motorresiesbaan vir die Krugersdorp and District Motorcycling Club is in 1930 noordwes van Krugersdorp aangelê. Volgens die kaart van die ligging van die baan, is dit dieselfde terrein wat twee jaar later as gholfbaan uitgelê is.[51] Geen verdere verwysing na die betrokke klub kon opgespoor word nie.

---

49 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/6, korrespondensieleêr A15, Brief Gholfklub-Stadsklerk Krugersdorp, 3 Jun. 1911. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.11; *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, pp.11,12; *Mayor's Minute for the year ending 10 November 1915*, p.11.

50 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/6, korrespondensieleêr A15, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Provinsiale Sekretaris, 29 Febr. 1932.

51 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/63, korrespondensieleêr C25, *Kaart*, Febr. 1930.

Hernieude belangstelling in die motorsport kom voor in die vyftigerjare. 'n Baie suksesvolle motorskou is in September 1957 gehou op die parkeerterrein langs die kinderbiblioteek.[52] Volgens die verslag van die VerkeersKomitee was die sewende "Krugersdorp Hill Climb" (foto no.78), wat in April 1960, aangebied is, 'n reuse sukses. Die resies is aangebied onder die sportkode van die Federation Internationale de'Automile en die kompetisiereëls van die Royal Automobile Club of SA.[53] Die "Total-tenth Krugersdorp Hill Climb" wat in Oktober die volgende jaar gehou is, het bekende renjaers soos Dough Serrurier met 'n Cooper Alfa F2 en E.H. Bosman met 'n Lotus Alfa ingesluit.[54]

Motor-sleepwedrenne word gereeld sedert 1977 by die Tarltonbaan aangebied. Sleepwedrenne is 'n relatief jong sport wat in die meer onlangse jare groter belangstelling uitlok. Wedrenne van internasionale gehalte word by Tarlton aangebied. Die Tarlton-klub het in 1982 altesaam 27 wedrenne aangebied in 'n verskeidenheid van motorsporte. 'n Renbaan vir veldmotorfietse en "go-carts" is sedert die negentigerjare in die Muldersdrift-omgewing gevestig. Dit het die een kilometer sirkelbaan wat in 1961 deur die Stadsraad teen die heuwel by Delporton (foto no.79) gebou is, vervang. Die klub vir vierwielaangedrewe voertuie geniet ook wye ondersteuning. Met die nabyheid van Kyalami, Suid-Afrika se grootste motorrenbaan, is dit te verstane dat motorwedrenne groot ondersteuning onder Krugersdorpers geniet.[55]

Die "Krugersdorp Health and Racquet Club" is in die negentigerjare by Pretorius Park geopen. Die kompleks maak voorsiening vir 'n swembad, water-aërobiese oefeninge, vier muurbalbane, twee aërobiese ateljees, drie gimnasiums met verskillende oefenprogramme en 'n ateljee vir gewigoptel. Die Pretorius Park-sportnode maak ook voorsiening vir 'n ysskaatsbaan waar professionele afrigting verskaf word in yshokkie en sierskaats.[56]

52 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/135, korrespondensieleêr K8, Koerantknipsel, 1957.
53 TAB, Pretoria, MKR, band 1/3/10/1/1, *Notule van VerkeersKomitee*, 4 Apr. 1960.
54 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr F5, *Flying Club*, sd.
55 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S13, *Sport and recreation*, sd., en inligtingslêer F5, *West Rand Times*, 24 Jan. 1982.
56 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S13, *Sport and recreation*, sd., en inligtingslêer W2, *Wanderers Grounds Committee*, 1939-1956.

Die Stadsraad het in 1980 die eerste voltydse sportbeampte vir Krugersdorp aangestel. Dit het gelei tot die ontwikkeling van die afdeling Sport en Rekreasie binne die Parke-departement. Die Bob van Reenen-Stadion dien as hoofkwartier vir die afdeling Sport en Rekreasie. Die afdeling het 'n belangrike bydrae gelewer om sport verder in Krugersdorp te ontwikkel.

Krugersdorp het vandag veertien sportnodes, naamlik die Krugersdorp Gholfklub, Pretorius Park, Kadimah Klub, Stan Friedman-sportsentrum, Wanderers- en Ivy Greigsportgronde, Bob van Reenen-Sportstadion, Jan du Plessispark, Johanna Botha Park, Arthur Down Tennisstadion, Krugersdorp Tennisklub, Krugersdorp Rolbalbaan, Lewisham Tennisklub, Mindalore Tennisklub en die West Rand Cons Rekreasiegronde.[57] 'n Wye verskeidenheid sportsoorte word by hierdie fasiliteite beoefen. Die voortbestaan van die sportklubs en -fasiliteite is afhanklik van die inisiatief van die gemeenskap. Die Stadsraad bedryf nie die sportfasiliteite nie.

Sportaktiwiteite word ook op skoolsportvelde deur verskillende skole georganiseer en aangebied.

## 8.2. SPORTFASILITEITE AAN SWARTGEMEENSKAPPE

Sportfasiliteite in Kagiso is beperk tot drie sokkervelde, vyf tennisbane, agt bane vir vlugbal, drie netbalbane, waarvan een onontwikkeld is, en 'n swembad. Die fasiliteite kom verspreid voor in die "ou Kagiso"-area. Geen fasiliteite is tot op datum gevestig in die nuwe uitbreidings of informele nedersettings nie. Die situasie in Munsieville is nie veel beter nie. Behalwe die enkele fasiliteite soos tennisbane, netbalbane en 'n sportveld by die verskillende skole, is die enigste ander sportfasiliteit in hierdie gebied, die sokkerveld by die Simon Boyang Sportgronde.[58]

Uit die bostaande gegewens is dit duidelik dat die ontwikkeling van sportfasiliteite vir die Swartgemeenskappe nie dieselfde aandag geniet het, as wat die geval met die Blankegemeenskappe was nie. As 'n rede hiervoor kan

---

57 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban Structure plan for the Greater Krugersdorp*, Vol. 1, p.111.

58 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational Analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council*, pp.33,34.

aangevoer word dat die inisiatief vir die beoefening van sport, uit die gemeenskap moet kom. Potgieter wys daarop dat georganiseerde sport vir die meerderheid Swartmense aan die Witwatersrand 'n vreemde, Westersgeoriënteerde vorm van ontspanning was. Daarby het die aanlê van sportfasiliteite weinig of geen aandag van die owerheid gekry tydens die beplanning en ontwikkeling van woonbuurtes vir Swartmense nie.

Potgieter gaan voort om die betrokkenheid van die Swartmense by sport tot in 1917 as 'n terloopse toevalligheid te sien. Die stigting van die Witwatersrand District Native Football Association in 1917 het sport op 'n meer georganiseerde wyse geplaas en die behoefte aan fasiliteite laat ontstaan.[59] Die West Rand Bantu Football Association spruit voort uit die bogenoemde assosiasie.

Die West Rand Bantu Football Association het die Stadsraad in 1933 genader vir 'n donasie waarmee trofeë vir die sokkerkompetisies van die assosiasie aangekoop kon word. Die Stadsraad het £5 (vyf pond) vir hierdie doel bygedra op voorwaarde dat die betrokke trofee drie keer deur 'n klub gewen moes word, voordat dit die eiendom van die Klub kon word.[60]

Die betrokkenheid van die Swartmense by georganiseerde sport is deur verskeie kerke en filantrope gesien as 'n geleentheid om sosio-maatskaplike probleme soos misdaad en drankmisbruik, aan te spreek.[61] In die lig hiervan rig ds. R.E. Phillips van die American Zulu Mission in 1934 'n versoek tot die Stadsraad gerig om die pasgestigde Transvaal Football Association finansieël te steun uit simpatie vir die assosiasie se poging om die Swartmense te organiseer in die beoefening van "skoon en gesonde sport".[62]

---

59 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand...*, pp.330,331.

60 TAB, Pretoria, TPB, band 2366, verw. TA34/8336, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Provinsiale Sekretaris, 19 Sept. 1933.

61 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand...*, p.331. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede...*, p.104.

62 TAB, Pretoria, TPB, band 2366, verw. TA34/8336, Brief R.E. Phillips-Stadsklerk Krugersdorp, 23 Mei 1934.

Sokker is ook die eerste sportsoort wat op 'n georganiseerde wyse deur Swartmense in Krugersdorp beoefen is. Klubs is in sowel Munsieville as Kagiso geregistreer. Die verslae van die welsynsbeampte vir die Swartwoongebiede, maak melding van gereelde "inter-lokasie" wedstryde. Hierdie wedstryde was nie net beperk tot Krugersdorp nie, maar ook ander dorpe en klubs aan die Wesrand was betrokke. Die Luipaardsvlei Football Association het selfs in September 1956 teen 'n besoekende span van Rhodesië (Zimbabwe) gespeel, en in 1957 het die span 'n gedugte span van Kimberley gewen.[63]

'n Ander sportsoort wat dikwels aangehaal word in die verslae van die welsynsbeampte vir Swartwoongebiede, is boks. Bokstoernooie is op 'n gereelde grondslag aangebied. In die verslag van Oktober 1957 het die welsynsbeampte gemeld dat hy 'n vergadering van die Wesrandse Seunsklub bygewoon het met die doel om 'n bokstoernooi te reël. Die Seunsklub het egter nie vordering met die reëlings gemaak nie, sodat die toernooi uiteindelik deur die welsynsbeampte self gereël is.[64] Hierdie toernooi is as baie geslaagd beskou. In dieselfde jaar het Swartboksers uit Krugersdorp in Roodepoort aan 'n toernooi deelgeneem en in November is 'n plaaslike kampioenskap in Munsieville aangebied. 'n Bokstoernooi is in 1958 teen Evaton in Kagiso gehou.

Die tennisklub in Munsieville het gereeld wedstryde gespeel. Die tennisspelers was self verantwoordelik vir die instandhouding van die fasiliteit. Hulle het £12/15/ (twaalf pond & vyftien sjiellings) in 1956 ontvang van die SportKomitee om die tennisbaan met sifdraad te omhein. Maar die tennisklub in Kagiso het in dieselfde periode veel te wense oorgelaat.[65]

Die Transvaal Bantu Amateur Athletic Association is in 1928 in Johannesburg gestig met die doel om atletiek regoor Suid-Afrika onder

63 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, korrespondensieleêr N5 & N6, *Maandverslae van welsynsbeampte*, 1956-1957.

64 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, korrespondensieleêr N5, *Maandverslae* 1956-1958.

65 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, korrespondensieleêr N5 & N6, *Maandverslae* 1956 - 1958.

Swartmense te bevorder.[66] Dit is nie seker in watter mate atletiek inslag gevind het onder Swartmense in Krugersdorp nie, maar 'n baie suksesvolle atletiekbyeenkoms is op 2 Januarie 1956 aangebied in die Luipaardsvlei-lokasie. Ongeveer £25 (vyf-en-twintig pond) is gespandeer om pryse vir die onderskeie wenners aan te koop.[67]

Weinig melding word gemaak van Swartvroue wat aan sport deelgeneem het. Vir Potgieter setel die rede in die feit dat sport as 'n teenvoeter vir sosio-maatskaplike probleme gesien is, en nie om sport ter wille van sport te bevorder nie. 'n Bydraende faktor is die beperkte getal vroue wat tot in die laat vyftigerjare hulle aan die Witwatersrand bevind het.[68] 'n Netbal Assosiasie is in 1956 in Krugersdorp gestig met klubs in sowel Munsieville as Kagiso.[69]

'n Assosiasie vir binnenshuise sport is in 1956 gestig. Sport sou op Woensdae in die Kroningsaal (gemeenskapsaal) in Munsieville beoefen word. Sedert 1957 het die binnenshuise aktiwiteite ook formele baldans en tradisionele danse ingesluit. Hierdie aktiwiteite is op 'n Saterdagmiddag beoefen.[70]

Die sportaktiwiteite in Kagiso en Munsieville het onder die beheer van 'n Sportkomitee gestaan. Hierdie Komitee het onder andere die inkomste van die verskillende sportsoorte aan hekgelde beheer. Dit het tot ontevredenheid gelei onder sportklubs wat 'n inkomste verdien, soos onder andere die Krugersdorp Bantu Football Association wat in 1957 geweier het om die hekgelde in die rekening van die sportkomitee te betaal. Van die sportklubs wat hekgelde gevorder het, wou wegbreek van die Sportkomitee. 'n Spesiale vergadering van sportklubs is gehou om die saak by te lê, maar daar is geen aanduiding dat dit suksesvol opgelos is nie. Die Munsieville Football

66 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand...*, p.335.

67 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, korrespondensieleêr N6, *Maandverslag*, Jan. 1956.

68 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand...*, p.339.

69 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, korrespondensieleêr N5, *Maandverslag*, Aug. 1956.

70 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, korrespondensieleêr N5, *Maandverslae* 1956-1958.

Association het in die volgende jaar nog probleme ondervind met "'n sekere span" wat geweier het om teen hulle te speel as hekgelde gevorder word.[71]

Volgens Naude het die sportklubs geen probleme ondervind om bekwame Swartmense op die bestuur van 'n sportklub te kry nie. Dieselfde gesigte was volgens hom by feitlik al die sportklubs op die bestuur. Die betrokkenheid van die mense by die klub en die spesifieke sportsoort was egter onbevredigend.[72] Potgieter sluit hierby aan deur daarop te wys dat die inisiatief en bevordering van sport onder die Swartmense, hoofsaaklik van die kant van die Blanke gekom het.[73] Die betrokkenheid van die Blanke welsynsbeampte in die reëlings van 'n bokstoernooi in 1956, waarna reeds verwys is, het betrekking.

Geen rede kon aangevoer word waarom die Swartbestuurslede "onbetrokke" was by die klubaktiwiteite nie. Vir Naude was dit 'n geval van die "natuur" van die Swartmense wat slegs in die wel en weë van sy onmiddelike gesin belanggestel het, en weinig oor gehad het vir sy gemeenskap.[74] Die feit dat sport 'n Westerse instelling is, kon 'n invloed gehad het op die houding van die mense. Die filosofie van die Swartmense dat daar 'n tyd vir alles is, kon ook 'n faktor wees, maar dit kan eerder die Blanke se ingesteldheid wees van om "oor te vat en die dinge te doen", wat die grootste bydraende faktor was. Die Blanke se optrede spruit histories voort uit die filosofie dat die Blanke as voog in belang van die Swartmense optree.

Die sportbeleid van die nasionale regering het in die lig van sy politieke beleid, die beoefening van "gemengde" sport verbied. Die verskillende bevolkingsgroepe het in afsonderlike kompetisies teen mekaar deelgeneem. Kompetisies tussen Blanke- en Nie-Blanke-sportmanne was hoogs uitsonderlik. Swart-, Indiër- en Bruin-sportlui is ook nie toegelaat om in

---

71 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, korrespondensieleêr N5 & N6, *Maandverslae 1956-1958*.

72 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede van die Bantoebevolking van Krugersdorp, 1968/1969* (ongep. studie, Krugersdorp Stadsraad, 1969) p.104.

73 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand...*, p.339.

74 S.P. Naude, *Verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede...*, p.104.

nasionale spanne deel te neem nie, of om nasionale kleure te verwerf nie. Hierdie toedrag van sake het eers sedert die laat sestigerjare begin verander. Vanaf die sewentigerjare is "veelvolkige" sport ingefaseer. Rasgemengde sport het hierna geleidelik tot op Klubvlak 'n werklikheid geword en is deur Blankes as 'n normale ontwikkeling aanvaar. Juis op die gebied van sport, veral sportsoorte waarin hulle uitgeblink het, kon Swartmense bewys dat hulle nie minderwaardig is nie.

Geen verwysing na geleenthede van gemengde sport kon opgespoor word nie. Daar is ook geen verwysing na enige hulp wat die Wanderers Grounds Committee aan sportklubs vir Swartmense verleen het nie. Toestemming is in 1974 aan Swartgholfspelers verleen om op die Krugersdorp Gholfbaan te speel. Die Kagiso Football Association het in dieselfde tyd aansoek gedoen om sokkertoernooie op die Wanderers sportgronde aan te bied. Vorige aansoeke om die Wanderers te gebruik is deur die Stadsraad afgekeur op grond daarvan dat daar nie genoeg toiletfasiliteite is vir gebruik deur die Swartmense nie.[75]

## 8.3. INDIËRSPORTGRONDE

Die Wanderers Grounds Committee het wel in 1944 die Indiërsportgronde in Burgershoop op versoek van die Stadsraad ondersoek. Hulle bevinding was dat die sportveld te klein is om 'n sport soos krieket te beoefen. Die grond was ook baie ongelyk met polgras en sandkolle. Geen water is aan die klub voorsien nie, en totdat dit geskied, sou dit nie moontlik wees om die gronde te verbeter nie. Om die terrein vir die speel van krieket voor te berei, moes die oppervlakte met "ou klip" (vergruisde klip) gelyk gemaak word en daarna met kleigrond gevul word.[76] Die sportgronde is in dieselfde jaar ook deur vloedwaters oorstroom, waarop die Indian Ottoman Cricket Club die Stadsraad versoek het om 'n keerwal te bou om 'n herhaling van die

---

75 Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), Bloemfontein, koerantknipsel no. 38-38-74, *Rand Daily Mail*, 3 Des. 1974.

76 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W2, *Wanderers Grounds Committee*, 1939-1956.

probleem te voorkom. Hulle het die Raad versoek om die grond meer gelyk te maak en bome aan te plant waaronder die toeskouers kon sit.[77]

Die krieketklub het in 1945 toestemming by die Raad gevra om die sportgronde oos- en weswaarts te vergroot. Op die westelike grens van die krieketveld was 'n groot donga wat groot gevaar vir die spelers ingehou het. Daarby was die speeloppervlakte van die veld te klein vir die aanbied van eersteklas-wedstryde. Aan die oostekant wou hulle 'n parkeerarea vir motors aanlê. Die klub was gewillig om die kostes van die uitbreidings en verbeteringe self te finansier, solank die Raad net die nodige toestemming daartoe verleen, omdat die grond aan die Raad behoort het. Die nodige toestemming is aan die klub verleen.[78]

Die Indiërsportgronde was geleë tussen die dorpspruit en die polisiestasie. Die Stadsraad het in 1930 toestemming aan die Krugersdorp Ottoman Sports Club verleen om krieket en sokker daarop te speel "solank as wat dit die Raad behaag". Hiermee het die Ottoman Klub vir hom alleenreg op die gebruik van die sportgronde toegeëien. Tweespalt oor die gebruik van die sportgronde het in 1934 opgeduik met die stigting van die Star of India Football Club. Laasgenoemde klub het die sportgronde as gemeenskaplike grond vir gebruik deur die Indiërgemeenskap, gesien. Beide klubs het vertoë tot die Stadsraad gerig vir die gebruik van die sportgronde.

Die Stadsraad het 'n spesiale sub-komitee aangestel om die dispuut te ondersoek en by te lê. Op 'n vergadering van die sub-komitee met die twee klubs, is daar ooreengekom:

- Dat 'n Beheerliggaam van ses persone, saamgestel uit verteenwoordigers van beide klubs, gestig sal word om die beheer en bestuur van die Indiërsportgronde te behartig, soortgelyk aan die Wanderers Grounds Committee.
- Die Krugersdorp Indian Ottoman Sport Club was geregtig op vier lede op die Beheerliggaam, omdat hulle ledetal 143 persone getel het.

77 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/64, korrespondensieleêr D2, Korrespondensie tussen Krieketklub en Stadsraad, 1946.

78 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3, Brief Krieketklub-Stadsraad, 15 Jul. 1930.

Die Star of India Football Club sou twee lede op die Beheerliggaam hê, want hulle ledetal was slegs 35 persone. Namate die ledetal van die klubs verander, sou die verteenwoordiging op die Beheerliggaam van tyd tot tyd hersien en aangepas word.

- Die Star of India Football Club moes £35 (vyf-en-dertig pond) bydra vir die instandhouding van die sportgronde.
- 'n Blanke sou vir 'n maksimum periode van ses maande as voorsitter van die Beheerliggaam optree.
- Alle sportklubs wat in die toekoms gestig sou word, moes by die Beheerliggaam affilieer en affiliasiegelde betaal. Hulle sou proporsioneel verteenwoordiging op die Beheerliggaam geniet.
- Alle Indiërs wat inwoners van Krugersdorp is, moes tot die sportklubs toegelaat word. Verteenwoordigers op die klubbestuur moes ouer as veertien jaar wees.[79]

Die Beheerliggaam het later onder die naam Krugersdorp Indian Old Boys Sport Club gefunksioneer.

Die dispuut tussen die twee sportklubs het na my mening ook gegaan om sosiale erkenning tussen verskillende religieuse groepe. Die lede van die Star of India Football Club was almal uit die Indiër-Hindoegemeenskap, terwyl die Ottomans hoofsaaklik Moslems was. Die Star of India het nie voorsiening gemaak vir lidmaatskap van Moslems nie. Die Hindoes het hoofsaaklik as kelners in die hotelle gewerk, en was daarom nie as "gevestigde" inwoners van die Indiërgemeenskap gesien nie. Die Moslems daarenteen was gevestigde sakemanne in Krugersdorp wat hulle herkoms in Krugersdorp teruggedateer het na 1896. Om hierdie rede het die Moslems beweer hulle het groter belang in die sportgronde en was hulle beter in staat om daarna om te sien.[80]

Die Star of India Football Club was nie tevrede met die £35 (vyf en dertig pond) wat hulle volgens die ooreenkoms moes inbetaal nie. Hulle het hulle

---

79 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3, *Verslae en notule van vergadering van die sub-komitee*, 14 Jul. 1934.

80 Vir meer besonderhede oor die dispuut, raadpleeg: TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3.

beswaar gegrond op die feit dat die Hindoegemeenskap reeds, voordat die klub gestig is, finansieel bygedra het tot die herstel en aanbring van verbeteringe by die sportgronde. Die Hindoegemeenskap wat uit ongeveer 25 gesinne bestaan het, het £10 (tien pond) bygedra en die Moslemgemeenskap, plus die algemene publiek, £127/10/- (eenhonderd sewe en twintig pond & tien sjiellings). Die Stadsraad het £62/10/- (twee en sestig pond en tien sjiellings) betaal vir die gelykmaak van die gronde.[81]

'n Tweede krieketklub, die Burgershoop Indian Cricket Club, is in 1948 gestig. Aangesien daar reeds vier krieketspanne afhanklik is van die een veld by die Indiërsportgronde, versoek die nuwe klub die Stadsraad om 'n tweede krieketveld in Burgershoop, aangrensend aan die Indiërwoonbuurt, te ontwikkel. Toestemming is aan die nuwe klub gegee om gebruik te maak van die sportvelde in die woongebied vir Bruinmense.[82]

Die Stadsraad het in 1951 besluit om nie tennisbane by die Indiërsportgronde te bou nie, omdat hulle beplan het om die Indiërsportgronde te verskuif. Die besluit van die Stadsraad val saam met die besluit om die ontwikkeling van die nuwe Indiërwoonbuurt, Dadooville, te laat vaar ten gunste van die ontwikkeling van 'n Blanke woongebied, Quellerie Park.[83] Die besluit om die Indiërskool en -sportgronde na 'n area aangrensend aan die nywerheidsgebied Boltonia te skuif, hou verband met die ontstaan van die Hoërskool Jan de Klerk. 'n Nuwe skoolgebou moes opgerig word en die aangewese terrein was die Indiërsportgronde.[84] Die invloed wat die pas afgekondigde Wet op Groepsgebiede, Wet 41van 1950, op die besluite van die Stadsraad kon gehad het, moet nie uit die oog verloor word nie.

Die Stadsraad het op 18 November 1954 besluit om nuwe sportgronde in Boltonia vir die Indiërgemeenskap te ontwikkel. Hiervoor is £500

81 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3, Verslag *Indian Sports Grounds*, 21 Mei 1934.

82 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3, Brief Burgershoop Indian Cricket Club-Stadsraad, 10 Aug. 1948.

83 Kyk hoofstuk oor Munisipale ontwikkeling vir besonderhede oor die voorgestelde dorpsontwikkeling. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr A12, *Azaadville*, sd.

84 Raadpleeg hoofstuk tien vir besonderhede oor Hoërskool Jan de Klerk en die verskuiwing van die Indiërskool.

(vyfhonderd pond) toegestaan.[85] Hierteen het die Krugersdorp Indian Old Boys Sport Club beswaar aangeteken. In die eerste plek was die Indiërs nie vooraf in die verskuiwing van die skool of die sportgronde geken nie. Verder was die bedrag wat bewillig is vir die ontwikkeling van die nuwe sportgronde ver ontoereikend. Volgens hulle raming sou £1500 (eenduisend vyfhonderd pond) nodig wees om die nuwe sportgronde in dieselfde toestand as die bestaande veld te bring. Laastens het die Indiërgemeenskap groot kapitale bedrae met die verloop van jare spandeer om die bestaande sportgronde te ontwikkel. Hierdie uitgawes en gesindheid van die Indiërgemeenskap was nie in aanmerking geneem in die besluit om die skool en sportgronde te verskuif nie. Volgens die Krugersdorp Indian Old Boys Sport Club het hulle £450 (vierhonderd-en-vyftig pond) sedert 1918 gespandeer om die speelveld gelyk te maak en £210 (tweehonderd-en-tien pond) bygedra vir die oprigting van 'n pawiljoen, terwyl die Stadsraad slegs een derde van die totale koste gedra het. Die sportklub het verder ongeveer £500 (vyfhonderd pond) gespandeer op die instandhouding van die sportgronde en -fasiliteite. Uitgerekte korrespondensie het tussen die Stadsraad en die Indiërgemeenskap gevolg, maar sonder sukses.[86]

Geen voorsiening is gemaak vir die Indiërgemeenskap om alternatiewe sportfasiliteite te gebruik totdat die nuwe sportgronde gereed en ontwikkel was nie. Die Hoërskool het in 1954 by die Stadsraad gekla dat die Indiërs voortgaan om die ou sportgronde te gebruik ten spyte daarvan dat die grond reeds na die hoërskool oorgedra is. Hierop moes die Stadsraad 'n afvaardiging na beide partye stuur om die twispunt op te los. Die hoërskool is ook versoek om aan die Indiërs water te voorsien tydens oefeninge en wedstryde.[87] Die ou Indiërsportgronde vorm vandag deel van die sportgronde van die Hoërskool Jan de Klerk.

Die Indiërs se beswaar dat die £500 (vyfhonderd pond) wat vir die ontwikkeling van die nuwe sportgronde bewillig is, onvoldoende is, was

85 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3, Afskrif van raadsbesluit, 18 Nov. 1954.

86 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3, Brief Krugersdorp Indian Old Boys Sport Club-Stadsklerk Krugersdorp, 8 Jul. 1954 en 20 Okt. 1954.

87 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3, Afskrif van besluit van Finansiekomitee, 19 Aug. 1954.

gegrond, want in 1957 het hulle by die Stadsraad aansoek gedoen vir die oprigting van sokker doelhokke, omdat geen doelhoeke tydens die voorbereiding van die sportgronde voorsien is nie. In dieselfde jaar het hulle die Stadsraad ook gevra om die sportgronde wat deur swaar reëns beskadig is, te herstel. Hiervoor is 'n bedrag van £15 (vyftien pond) in 1958 deur die Stadsraad goedgekeur.

Die sportfasiliteite in Azaadville maak voorsiening vir 'n sokkerveld, 'n krieketveld, sewe tennisbane en 'n swembad. Die sport- en rekreasiesentrum maak voorsiening vir muurbal, sokker, vlugbal, netbal, pluimbal, snoeker en putt-putt. Daar is ook 'n gimnasium en aërobiese oefeninge word in die sportsaal aangebied.[88]

## 8.4. SPORTFASILITEITE VIR BRUINMENSE

Inligting oor sportfasiliteite vir die Bruingemeenskap is beperk. Dat hulle 'n sokkerveld gehad het, weet ons uit die feit dat die Stadsraad toestemming aan die Burgershoop Indian Cricket Club verleen het in 1948 om van die fasiliteite in die woongebied vir Bruinmense gebruik te maak.[89] Die Stadsraad het in 1952 goedkeuring gegee aan die stadsingenieur om die sokkerveld op te gradeer. Die Bruingemeenskap het in hierdie stadium twee sokkerklubs gehad.[90] Die Stadsraad van Krugersdorp het in 1952 ook 'n subsidie van £10 (tien pond) aan die Revivers Tennis Club in die woongebied vir Bruinmense betaal.[91]

'n Sportkomitee bestaande uit twee lede van elke sportsoort wat in die woongebied vir Bruinmense beoefen is, is in 1957 in die lewe geroep. Die bevoegdhede van die sportsomitee het bepaal dat die Komitee aanbevelings aan die Stadsraad van Krugersdorp moes maak met betrekking tot die

---

88 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban Structure plan for the Greater Krugersdorp*, Vol. 1, p.113.

89 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/123, korrespondensieleêr I3, Brief Burgershoop Indian Cricket Club-Stadsraad, 10 Aug. 1948.

90 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêr C19, Brief Transvaal Coloured Football Club-Stadsklerk Krugersdorp, 7 Apr. 1952.

91 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêr C19, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Revivers Tennis Club, 15 Aug. 1952.

instandhouding en verbetering van die bestaande sportfasiliteite in die woongebied vir Bruinmense, maar ook ten opsigte van die ontwikkeling van addisionele sportvelde en -fasiliteite. Sportkompetisies tussen die verskillende bevolkingsgroepe kon slegs met die goedkeuring van die Stadsraad van Krugersdorp aangebied word.[92]

Die Krugersdorp Stadsraad het weinig aandag gegee aan die instandhouding en opgradering van fasiliteite in die woongebied vir Bruinmense. Die optrede van die Stadsraad moet in die lig van die verklaring van groepsgebiede en die hangende verskuiwing van die Bruingemeenskap na 'n Wesrandse-groepgebied gesien word.[93]

## 8.5 DEELNAME AAN SPORT OP DIE MYNE

Ledigheid onder die Swartmynwerkers in die kamponge[94] het daartoe gelei dat mynowerhede deelname aan sport onder hulle aangemoedig het.[95] Die stigting van die Witwatersrand District Native Football Association, waarna reeds verwys is, het nie net sport op 'n georganiseerde grondslag geplaas nie, maar ook tot die stigting van sokkerklubs op die myne gelei. Beide die Luipaardsvlei Estates Gold Mining Company en West Rand Consolidated Mines in Krugersdorp, het sportklubs vir hulle Swartmynwerkers gehad. Die sokkervelde was aanvanklik slegs 'n oop stuk veld naby die kamponge, maar sedert die 1930's, is meer aandag aan die voorsiening van sportfasiliteite op die myne gegee. Die groepsadviseur van die Gold Fields groep het in 'n skrywe aan die Stadsraad erken dat die sportfasiliteite op die Luipaardsvlei Estates goudmyn in die eerste vyftig jaar van die bestaan van die myn, minimaal was.[96]

92 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/57, korrespondensieleêr C19, *Konstitusie Sports board of control*, 1956.

93 Kyk hoofstuk vier vir die bespreking van die woongebied vir Bruinmense en die groepsgebiede ontwikkeling.

94 Callinicos bespreek die lewenswyse van die Swartmynwerkers in die kamponge in. L. Callinicos, *Gold and Workers 1886-1924: A peoples history of South Africa*, vol 1.

95 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand...*, p.332.

96 Bibioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr L18, Brief Group Property Advisor-Historian, Town Council Krugersdorp, 11 Jan.1972.

Die situasie op die West Rand Consolidated Mines was beter, alhoewel die fasiliteite vir Swartmyners nie van dieselfde gehalte was as die vir die Blanke myners nie. West Rand Consolidated Mines het voorsiening gemaak dat Swartmyners aan die volgende sportsoorte kon deelneem: sokker, tennis, atletiek, fietsry, rolbal en rugby. Op atletiekgebied het die Swartatlete van die West Rand Cons Sportklub veral in die langafstande en as padwedlopers uitgeblink. Vir die Blanke werknemers was daar 'n groot verskeidenheid sportsoorte om van te kies. Die West Rand Cons Sportklub het gedugte kompetisie gebied in krieket en rugby. Die sokkerklub was die eerste myn klub wat 'n span vir die Nasionale professionele liga, derde afdeling, ingeskryf het.[97]

## 8.6 SLOTOPMERKING

Sport is vir baie mense 'n vorm van ontspanning, ten spyte van die inspanning waarmee dit gepaard gaan. In hierdie sin bied sport afleiding vir die liggaam en die gees met die doel om spanning te verlig, of heeltemal weg te neem. Sport bevorder ook individuele groei en ontwikkeling, maar dit dra ook daartoe by dat mense sosiaal met mekaar assosieer. Die vrye assosiasie tussen mense van verskillende etniese groepering op sportgebied en sosiaal het as gevolg van die nasionale politieke beleid nie plaasgevind nie.

Die Krugersdorp Stadsraad is oor 'n lang periode by die voorsiening van sportfasiliteite aan die verskillende sportsoorte betrokke. Deur middel van die afdeling Sport en Rekreasie word sportbyeenkomste vir alle bevolkingsgroepe georganiseer en aangebied. Sport- en Rekreasiedienste word, net soos kultuurdienste, gelewer om die geestelike welsyn en liggaamlike ontspanning van die gemeenskap te bevorder. Die Krugersdorp Stadsraad het egter nie daarin geslaag om in al die bevolkingsgroepe se behoeftes aan sportfasiliteite te voldoen nie. Sportfasiliteite in Kagiso en

97. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W6, Verslag *West Rand Consolidated Mines Limited*, 9 Okt. 1967.

Munsieville is nie van 'n vergelykbare standaard met die fasiliteite wat in "Blanke" Krugersdorp, en selfs Azaadville, voorsien is nie. Die demografiese verspreiding van die bevolking is ook nie in aanmerking geneem nie. Die oorwig van sportfasiliteite kom voor in "Blanke" Krugersdorp, wat in die meerderheid gevalle as gevolg van die afstand en gebrek aan openbare vervoer ontoeganklik vir 'n groot persentasie van die gemeenskap is.

Die oneweredige verspreiding van sportfasiliteite in Krugersdorp het tot gevolg dat die hoërinkomstegroepe vandag toegang het tot 'n groter verskeidenheid sportfasiliteite. Die meerderheid van hierdie fasiliteite het as gevolg van privaat-inisiatiewe ontstaan. Die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad het 'n verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap om die sportfasiliteite onder sy beheer, ook vir laerinkomstegroepe toeganklik te maak. Die gebrek aan fasiliteite in Kagiso en Munsieville bied 'n besondere uitdaging aan die munisipaliteit om bekostigbare sport binne die bereik van elke inwoner te bring. Die bevordering van sport word as 'n belangrike komponent in die Heropbou en Ontwikkelingsprogram van die Nasionale Regering gesien. Die rol wat sport in die verlede gespeel het om brûe tussen mense te bou, moet aangegryp word in die ontwikkeling van nuwe sportfasiliteite.